1. That every section of the population is to be registered, ticketed and labelled. This assures that no coloured person will be able to invade the aristocratic preserves of Europeans—especially he will not be able to get registered on the common Voters' Roll, once Mr. N. C. Havenga is liquidated.
2. The pass or identity card will not replace the numerous passes and receipts a Native has to carry (or go to gaol). It will just add one more to the list.
3. The Cape Coloured people, who have been free from pass-carrying for one hundred years, will now revert to the old order.

What is behind it? Perhaps much more than appears on the surface. For instance, here are a few things which Dr. Malan and

the Federal Council of the Nationalist Party said and promised to do when it got the reins of Government in their hand:

- (a) Lay down racial quotas for trade and the professions;
- (b) the say in the government of the country would belong only to those who had identified themselves with the nation and had had enough time to do so.

—Page 22,  
“Die Republikeinse Orde.”

Mr. W. R. Laubscher, Information Officer of the O.B., writing in the O.B. (8/3/50) points out that the Republican Plan, published by Dr. Malan in March 1941, was agreed to and accepted by all Afrikaner organisations.

Article 3 reads:

“The white subjects who are acknowledged as members of the State by the (Republican) Government will be called Burgers, without distinction of race, as long as they do not forfeit their citizenship. Such recognition will only be accorded to subjects of whom it can be expected that they will act as builders-up of the Nation, **whatever status they might have possessed before.**”

A national register, pass, ticket, or label will be very handy for the Republican Government, when it decides to “obliterate all unnatural and inimical elements” (Dr. Malan's words), it may even be handy when the Coloured people are to be deprived of their franchise rights. But for any other purpose it is not worth the many millions of pounds which it is going to cost the country.

To add insult to injury, the great majority of the public will be expected to pay for their own identity photographs.

## QUESTIONNAIRE

You are invited to fill in the answers in the space provided and retain it till after the next general election in order to see how many answers you have got right.

Have the electors got the homes the Nationalist Party Promised in 1948?.....

Has the cost of living gone down and proved the worth of Louwcol? .....

Has the Government adopted any Apartheid measure which is of benefit to (a) Europeans?.....  
(b) Non-Europeans?.....

Do you now get a regular supply of mutton? .....

Has the value of your savings gone up or down since the Nationalists got into power? .....

How many Information Officers (Propagandists) does the Government employ at public expense—2, 4 or 104? .....

When you pour out a cup of tea, do you thank the Government for the blessing? .....

Can you buy more for your hard-earned money than in 1948 — or less? .....

Which do you consider the most powerful political force in South Africa—the Government, the Atom Bomb or the Broederbond? .....

## TAXATION

In a recent election broadcast in Great Britain, it was pointed out that taxation there amounts to £70.4 per annum per head of the population (man, woman and child). South African total national income, per head of the population, is considerably below what a Briton pays in taxation alone.

## THE GOVERNMENT AND THE COST OF LIVING

(continued from page 2)

urban families at present unable to supply themselves with even the minimum diet. That plan was modified by the previous Government. It has never been put into operation. Here was a scheme prepared just before the Government came into power; approved by the Regional Food Committee; and now pigeon-holed. This, like the mobile markets, could materially reduce living costs; could make subsidisation a reality.

Then there was being built up a chain of communal restaurants. Only two now operate. There should be several of them, run in co-operation with businesses and in the poorer areas. The Food Distribution Organisation has a big responsibility in this important matter. Why is it so inactive? Obviously because it is not Government policy to attack the high cost of living in this way.

A word regarding the Food Supplies and Distribution Organisation. This organisation, which runs the Mobile Market Scheme, is a sort of Cinderella of the Department of Agriculture. Its total expenditure is only £603,000, of which about one-third goes in administration. It should be one of the most important planning and administrative organs of Government. In fact, it should be made a separate department. Against it is charged the milk and cheese State-aided scheme (£33,000) and the State-aided margarine scheme (£114,000). It thus directly distributes in food subsidies to the poor a sum of £147,700. This is direct consumer subsidisation. Even when we add to this the amount of the Social Welfare Department (food for poor relief, £61,200; restaurants and soup kitchen, £1,600) and the amount of the Native Affairs Department (pre-school feeding, £22,000; fruit subsidy of £10,000 and milk provision, £600), the total is painfully inadequate and only a token payment, a sort of nodding recognition that subsidising of the poor man's table is right and just; but that we are unwilling to do so thoroughly. I repeat, the whole question of food subsidies calls for urgent examination. It is a major social issue.

This Government has failed to protect the living standards of the middle and lower income groups; it is planless in regard to inflation; it is not attempting to rationalise subsidisation of food; it is lukewarm, if not opposed to thorough-going food subsidies.

On these vital issues, necessary to promote efficiency and economic protection of the workers of this country, this Government has not been faithful to its heritage or to its pledged word to our people.

## BIRTH OF SOUTH AFRICAN PARTY

THE political parties of Afrikaner Bond (Cape), Het Volk (Transvaal) and Oranje Unie (O.F.S.) were amalgamated at a Congress on November 11, 1911. The chief pleader for amalgamation was the late President Steyn, who said that:

"The co-operation of the two principal races in the country was imperative for our safety and progress."

The late General Hertzog moved that the word NATIONAL in the original draft — South African National Party — should be eliminated because he considered the word too narrow and too racial.

## A WORD TO THE EXPLOITED

POLITICAL exploitation is one of the worst forms of exploitation. You were promised a house to live in, but on the Witwatersrand alone, more than 20,000 European families need housing accommodation and cannot get it. Thousands are living in hovels and garages.

You were promised a reduced cost of living, but your living costs have risen and are still rising. You were promised plenty of mutton, but have since then forgotten its new or old look.

Farmers were promised cheap and abundant supplies of fertiliser but they are still waiting for it.

All you have got for voting Nationalist is a new Manager of the Railways at a cost of £70,000 to the taxpayers; a separate entrance at the Johannesburg railway station, so that you can go on the railway platform and not rub shoulders with the Natives; a few cardboard partitions at the post office; and almost two years' talk on Apartheid.

## A VOICE FROM THE PAST

WHAT follows is "old history," or rather let us say "not-so-old history."

"Programmes have no meaning, most important thing always is the spirit in which they are applied. The South African is imbued with the right spirit and this has been proved on many occasions. In the past there were great differences and estrangement between Boer and Briton, but one of the happiest indications of the present is that the happiest indications of the present is that the English have come to the fore with a claim of being Afrikaners. The manner in which we have been able to co-operate makes one feel that we have become a nation."

—General Hertzog.  
Caledon, 1912.

"The English and Dutch must develop together in national unity. If we want to become a nation, there is more required than co-operation. We must develop a nationality that is higher than class or race nationality. The English in South Africa have a history and men whom they love and cannot possibly desert. The Dutch have the same. Those men are factors for the future. But all this, however, is of minor importance, unless they interchange their great men of the past and accept a joint history."

—General Hertzog on the establishment of the S.A. Club, Johannesburg, on 6/11/1912.

Please send me the News-Letter regularly, for which I enclose £.....  
(Subscription is voluntary; you can send anything from 1/- to £5 for a year's supply.)

Name .....

Address .....

.....

English or Afrikaans .....



Saam Groei Ons

UITGEGEE DEUR MARAIS STEYN, L.V.  
VERENIGDE PARTY, POSBUS 3147, JOHANNESBURG

## DIE REGERING EN LEWENSKOSTE

Deur J. R. Sullivan, L.V.

ONDANKS die verskering wat die Minister van Ekonomiese Sake aan die parlement en aan huisvrouens gegee het, nl. dat die lewenskoste van die deursnee-gesin in hierdie land nie styg nie, en dat die prys van voedsel en klere in werklikheid gedaal het sedert die huidige Regering die bewind aanvaar het, word presies die teenoorgestelde aan die lig gebring deur die opnames wat van gesinsbegrotings gemaak is, en deur die gegewens wat van tyd tot tyd deur die Departement van Sensus en Statistiek uitgereik word. Die Regering het niks wat in die verste verte 'n inflasie-bestrydingsbeleid genoem kan word nie. In die begroting word daar weliswaar die vrome hoop uitgespreek dat so 'n beleid eersdaags geformuleer sal word, maar verder as dit het dit nog nie gekom nie. Sedert die huidige Regering aan die bewind gekom het, is die lewensstandaard van die merendeel van ons mense verlaag.

Ons het die Minister van Ekonomiese Sake uitgedaag om met sy beleid voor die dag te kom, en in antwoord hierop het die Minister gesê dat as ons vergelykings sedert Junie 1948 trek, ons die waarheid van sy bewerings sou besef. Wel, hier is die antwoord. Vir die doeleindes van vergelyking sal ons die laaste ses maande van die Verenigde Party se bewind neem. Die Minister sal die billikhed hiervan erken. Gedurende daardie tydperk was die gemiddelde indekssyfer vir sover dit die koste van lewensorghou betrek, 144.9. Wat was die posisie nadat die Nasionale Party ses maande lank aan bewind was? Dit het met 5.8 tot 150.7 gestyg. En gedurende die eerste agtien maande van die Nasionale Party se bewind? Dit het met 7.5 tot 152.4 gestyg. Dit is die statistiese antwoord op die Minister se bewerings. Dit is ook die werklike antwoord. Dit beteken die verloëning van Louwcol as 'n stabiliserende invloed, en dit verpletter ons geloof in die Minister se oordeel.

Die Minister het ons selfs die verskering gegee dat die prys van voedsel en klere tydens sy bewind gedaal het. Wat toon die amptelike syfers — as ons weer die tydperk 1 Januarie 1948 tot 30 Junie 1948 as grondslag neem? Dat die prys van voedsel gedurende die eerste agtien maande van die huidige Regering se be-

wind met 2.1 gestyg het, van 'n gemiddelde van 157.4 tot 159.5, en dat die prys van klere, verre van 'n vermindering, in werklikheid 'n aansienlike styging toon. Dit het naamlik met 52.3 punte toegeneem — van 201.3 tot 253.6. Dit is die eenvoudige maar uiters verontrustende feite in verband met die koste van lewensorghou. Die posisie gaan vererger word deur die begroting wat sekere gewone en universelle prysse verhoog. (Die prys van petrol, posstukke, telegramme en botter sal kunsmatig opgedryf word.) Die posisie vereis 'n verduideliking van die Minister van Ekonomiese Sake. Hy moet aan ons sê waarom hy die teenoorgestelde inligting aan die land verstrek het.

Maar nie alleen Louwcol het misluk nie. Ander aspekte van die Regering se beleid betreffende die koste van lewensorghou was ewe futiel. Vat, as voorbeeld, die gebied van die Minister van Landbou. Hy het verklaar — en die Minister van Finansies het sy woorde beaam — dat £9½ miljoen vandesjaar aan voedselsubsidies bestee sal word. As ons ander Departemente insluit (Ekonomiese Sake, £13 miljoen; Volkswelwyn, £62,750; Voedselvoorraad en -verspreiding, £147,700; en Naturellesake, £35,315) dan kom die totaal in werklikheid op ongeveer £11.6 miljoen te staan. Streng gesproke sal feitlik die hele bedrag gebruik word om voedselprysse vas te pen. En met watter gevolg?

As voorbeeld neem ons 'n paar van die vernaamste beskermende voedselsoorte van die volk. Ondanks die Bemarkingswet en swaar subsidies is die prys van hierdie voedselsoorte kunsmatig opgedryf. Die Minister het syfers aan my verstrek betreffende produusente-pryses in Junie 1948 en in Junie 1949. Mielies, een van die allervernaamste voedselsoorte vir mens en dier, het binne 'n jaar met 7 punte gestyg; koring met 10 punte; aartappels met 36 punte; groente met 21 punte; bottervet met 13 punte; vars melk met 11 punte; beeste met 1 punt; skape met 9 punte; en varke met 2 punte. Hierdie algemene styging van produusente-pryses onder die huidige Minister het natuurlik weerkank gevind in die begrotings van die armste gesinne in die land. Wat hulle betref, kom dit op 'n voedselbelasting neer. Daar sal miskien beweer word dat die

posisie aansienlik slechter sou gewees het as daar geen subsidies was nie. Dit sou baie beter gewees het as die subsidies die regte vorm aangeneem het en in 'n behoorlike rigting gestuur is. Die Minister beskik oor 'n kragtige beheerinstrument — die Bemarkingswet. Hy het beheerraude, en £9½ miljoen wat hy as 'n bonus kan bestee. En tog kan hy hierdie masjinerie nie tot volle voordeel van die volk aanwend om die gesinse voedselkoste te verminder nie.

Dink aan die voorgestelde voedselsubsidie van £9½ gedurende hierdie jaar. Botter sal 'n tyd lank met 4.9d. gesubsidieer word; sodra margarine beskikbaar is, sal die prys met minstens dieselfde bedrag, waarskynlik met 6d. per pond, styg. Hierdeur word die koste van lewensorghou tog seker nie verminder nie. In die geval van mielies is daar 'n subsidie van 4/- per sak; in die geval van meel (90% ekstrak) 24/8.7 per sak: in die geval van die gemiddelde brood, 2.15d. per 2 pond; en in die geval van kunsbotter, 2½d. per pond.

As hierdie subsidies geheel en al na die armste verbruikers gaan, sal hulle in 'n groot maatskaplike behoefte voorsien. Maar die £9½ miljoen gaan na ryk produusente en welgestelde verbruikers. Dit beteken dat duisende produusente wat as grens-, of amper as grens-gevalle beskou word, sowel as duisende verbruikers nie die volle potensiële voordeel (vervolg op bladsy 2)



Joseph Richard Sullivan, L.V., skrywer van hierdie artikel, is 'n gesaghebbende vir sover dit die Unie se maatskaplike en ekonomiese vraagstukke betref. Mr. Sullivan is in Nieu-Seeland gebore, en het sy onderrig aldaar ontvang, maar woon al baie jare lank in Suid-Afrika. As verteenwoordiger van die Verenigde Party is hy in 1943 en weer in 1948 tot Volksraadslid vir die kiesafdeling Durban, Berea, verkie.

## DIE REGERING EN LEWENKOSTE

(vervolg van bladsy 1)

van hierdie groot subsidie ontvang nie. Die verkeerde mense kry 'n groot aandeel. Die hele stelsel moet hersien word. Op die oomblik word 'n baie groot gedeelte van die £9½ miljoen verkwis. Dit gaan na diegene wat dit nie nodig het nie. As die plan behoorlik uitgevoer, en aangevul word deur die organisasies wat deur die vorige regering in die lewe geroep is, sal die £9½ miljoen pond byna geheel en al na die produsente wat as grensgevalle beskou word, en na die armer verbruikers gaan. En dis natuurlik soos dit behoort te wees.

Die Verenigde Party-regering was besig met die opbou van reisende markte, gemeenskaprestaurante, voedingsdienste en 'n groot plan vir die subsidiering van die voedsel van arm stedelike gesinne. Hierdie skemas word vandag halfslagtyg geadmireer, of op die een of ander wyse vertraag. Die Minister het 'n baie vae begrip van die behoeftes van verbruikers. Hy kan nie ontsnap aan die verantwoordelikheid vir die voortdurende styging van voedselprysse onder sy Regering nie.

Ons is ten gunste van maatreëls vir die stabilisasié van die prys van plaasprodukte. Die waarborg dat daar 'n redelelike wins sal wees op die boer se produktiewe werk, verseker sy bates; dit gee aanleiding tot verhoogde produksie sowel as 'n vermeerdering van die boer se inkomste. Ons herinner ons die jare toe daar geen doeltreffende stabilisasié was nie. Die waarde van grond het gedaal; die skulde-las het gestyg, en die lewensstandaard van die boer het in due gestort. Ons is oortuig dat die stabilisasié van plaasproduksie van die allergrootste belang vir ons ekonomiese stabiliteit is; maar ons moet daarop aandring dat dit vergesel gaan van 'n beleid wat werklike hulp sal verleen aan die groot aantal verbruikers, want 40% van hul inkomste word deur voedselprysse opgeslurp.

Voedselsubsidies sal nog baie jare lank 'n integrale deel van ons ekonomie moet bly. Hulle bevoordeel die verbruiker en belastingbetalers, want hulle werk inflasie teë by die belangrike plekke waar dit begin; hulle bevoordeel die boer, want hulle verseker die winsgewendheid van sy werkzaamhede. Maar subsidie moet behoorlik bestuur word. In die eerste en vernaamste plaas moet hulle ten bate van behoeftiges aangewend word. En dit gebeur nie in Suid-Afrika nie. Die ryk verbruiker met 'n inkome-surplus, sowel as die arm man, kry die subsidie. Die ryk boer, sowel as sy sukkelende bunrman, word bevoordeel. Dit is duidelik aan die lig gebring deur die ondersoek wat die Afdeling Ekonomie in 1946 en 1947 na die produksie van mielies op die Hoëveld ingestel het. 102 plase is besoek. Die totale inkomste van hierdie boere uit mielies was £115.783. Hulle het 148.092 sak teen 'n gemiddelde koste van 10/6d. per sak geproduceer, d.w.s. 'n totale koste van £78.000. Teen die heersende prys

(vervolg op bladsy 4)

## DIE NOORD-ATLANTIESE EN DIE STREEKVERDRAG

'n RUKKIE gelede is dr. Malan in die Volksraad gevra waarom Suid-Afrika nie 'n ondertekenaar van die Noord-Atlantiese Verdrag geword het nie. Sy antwoord was dat die Unie nie gevra is om dit te doen nie.

Dis interessant om te verneem uit die Witboek, gepubliseer deur die verskillende ondertekenars van die Atlantiese Verdrag en die Streekverdrag van Brussel, dat die volgende twee van die artikels van hierdie ooreenkoms is:

### Artikel II:

Die Hoë Kontrakterende Partye sal gesamentlik alle moontlike pogings aanwend, deur regstreeks oorelog sowel as deur middel van gespesialiseerde agentskappe, om 'n hoer lewensstandaard vir hul bevolkings te verseker, en om die sosiale en verwante dienste van hul lande op 'n ooreenstemmende grondslag te ontwikkel. Die Hoë Kontrakterende Partye sal mekaar raadpleeg oor die toepassing, met so min versuum as so moontlik, van die aanbevelings van onmiddellike praktiese belang betreffende

sosiale dienste, aangeneem met hul goedkeuring deur die gespesialiseerde agentskappe. Hulle sal pogings aanwend om so gou moontlik ooreenkoms in verband met sosiale versekering met mekaar aan te gaan.

### Artikel III:

Die Hoë Kontrakterende Partye sal gesamentlik alle moontlike pogings aanwend om hul volke te lei in die rigting van 'n beter begrip van die beginsels wat ten grondslag van hul gemeenskaplike beskawing lê, en sal die uitwisseling van kultuurgoedere tussen hulself, of deur ander middele bevorder.

Uit die voorafgaande blyk duidelik dat die kontrakterende partye vasberade is om die opmars van Kommunisme te stuit deur die sosiale versekering van hul onderdane. Ons Nasionale Party-regering, daarenteen, wil die opmars van Kommunisme stuit deur meer en steeds meer onderdrukkende maatreëls, en deur minder en steeds minder sosiale versekering. Suid-Afrika is vinnig besig om hom van die gemeenskap van demokratiese volke af te sonder.

## VOOR en DAARNA

„Samewerking tussen die twee elemente (die Afrikaans- en die Engels-sprekendes) het misluk. Daar bly nog net een koers: die weg van die verenigde Afrikanerdom.”

—Dr. Malan,  
Cradock, 31/10/40.

„'n Groot deel van die bevolking van die Unie is die Vyfde Kolonne van 'n oorsese nasie, en daarom sal die Republikeinse Regering die republiek met ferm hand moet beskerm.”

—Dr. Malan, bladsy 22,  
„Die Republikeinse Orde.”

„Wat ons veral in hierdie land moet nastreef, is die konsolidasie van die twee blanke rasse in 'n volkseenheid . . . gebaseer op die beginsel van gelyke regte . . . dit was nog altyd my beleid.”

„En ook gelyke politieke regte. Dit is ook my Party se beleid”

—Dr. Malan  
Hansard 235/6, 27/1/50.

Wel, daar het u dit nou! Niemand sal dit waag om dr. Malan se woord in twyfel te trek nie. En tog is dit 'n feit dat wyle genl. Hertzog feitlik uitgeskop is uit die Nasionale Party wat hy gestig het omdat hy aangedring het op die behoud van die artikel wat bepaal het dat daar „gelyke politieke regte” vir die Engels-sprekendes moet wees. En dit was tog dr. Malan wat gesê het: „Die Nasionale Party is die enigste Party wat ten gunste is van die uitbreiding van die kleurlingstem na Transvaal en die Oranje-Vrystaat.”

## WAT SKUIL DAARAGTER?

### Waarom moet ons Passe of Kenkaarte Dra?

**U**KAN dit noem net wat u wil — 'n persoonsbewys, 'n kenkaart, 'n lisensie, 'n pas, 'n visa of enigets anders. Die feit bly staan dat iedereen van ons voortaan 'n etiket sal hé, en dat iedere vredesbeampte of aangestelde amptenaar te alle tye sal kan eis dat u u etiket aan hom moet toon.

Die Regering moet self die skuld dra vir die onbenydenswaardige posisie wat tans in ons land ontstaan het. Al lyk 'n wetsontwerp wat deur die Regering ingedien word ook hoe eenvoudig, het ons al so agterdogtig geword dat ons gedurig wil weet: Wat skuil daaragter?

Toe dr. Dönges die Volksregistrasie-wetsontwerp in Maart ingedien het, het hy byna twee uur lank probeer om aan te toon hoe noodsaaklik dit vir die bevolking is om etikette te dra. So in die verbygaan het hy heel toevallig verwys na die noodsaaklikheid om vas te stel wie as 'n blanke gereken moet word, en wie nie.

Die sprekers van die Nasionale Party wat ná dr. Dönges gepraat het, was openhartiger, en het erken dat dit hulle doel was om die wetsontwerp as 'n brandyster te gebruik.

Die vernaamste kenmerke van die wetsontwerp is tans as volg:  
1. Iedere seksie van die bevolking sal geregistreer word, en sal 'n etiket kry. Dit verseker dat geen kleurling voortaan op die aristokratiese gebied van die blankes sal kan oortree nie. Bo alles sal sy naam nie op die gemeenskaplike kieserslys opgeneem kan word as mnr. Havenga eenmaal gelikwideer is nie.

2. Die nuwe pas of kenkaart sal nie die plek inneem van die talle ander passe en kwitansies wat die naturel in sy besit moet hé as hy uit die tronk wil bly nie. Dit sal net 'n verdere pas by die lang lys voeg.

3. Die Kaapse kleurlinge wat 'n honderd jaar lank geen passe gedra het nie, sal nou weer na die ou orde moet terugkeer.

Wat skuil daaragter? Miskien

meer as wat 'n mens geneig is om te vernoed. Daar is, by voorbeeld, 'n paar van die dinge wat dr. Malan en die Federale Raad van die Nasionale Party beloof het om te doen as hulle ooit aan die bewind kom. So het hulle o.m. beloof:

- (a) om rasse-kwotas vir die verskillende ambagte en beroepe vas te stel, en
- (b) om seggenskap in die regering van die land toe te ken slegs aan diegene wat hulle met die Nasionaliste vereenselwig het, en genoeg tyd gehad het om dit te doen.

—Bladsy 22,  
„Die Republikeinse Orde.”

Mnr. W. R. Laubscher, inligtingsamptenaar van die O.B., sé in 'n uitgawe van die „O.B.” (8/3/50) dat die Republikeinse Plan, soos deur dr. Malan in Maart 1941 gepubliseer, die goedkeuring van alle Afrikanerorganisasies weggedra het.

Artikel 3 lui as volg:

„Die blanke onderdane wat as lede van die Staat deur die (Republikeinse) regering erken word, word burgers genoem sonder onderskeid van ras, solank hulle nie daardie burgerskap verbeur nie. Sodanige erkenning word alleen verleent aan onderdane van wie verwag kan word dat hulle volksopbouend sal optree, ongeag watter status hulle vroeër beklee het.”

'n Volksregister, pas, kenkaart of etiket sal die Republikeinse Regering baie handig te staan kom indien hy besluit om „die onnasionale en vyandige elemente” (dr. Malan se woorde) uit te skakel. Dit kan selfs handig te staan kom as die kleurlinge van hul stemreg beroof moet word. Maar vir ander doeleinades is dit beslis nie die miljoene ponde werd wat dit die land gaan kos nie.

Ons word nie alleen beledig nie. Ons word boonop ook benadeel, want van die oorgrootste merendeel van ons sal verwag word om te betaal vir die fotos wat op die kenkaarte moet kom.

## 'N PAAR VRAE

**U** WORD uitgenooi om die antwoorde op die volgende vrae in te vul in die ruimte wat daarvoor gelaat is, en om hulle dan te hou tot na afloop van die volgende verkiezing. Dan sal u wel weet hoeveel van u antwoorde reg is.

Het die kiesers die huise gekry wat die Nasionale Party hulle in 1948 beloof het? .....

Het die lewenskoste gedaal, en is die waarde van Louwcol bewys? .....

Het die Regering enige apartheidsmaatreëls toegepas wat tot voordeel strek van (a) die blankes? .....

(b) die nie-blankes? .....

Kan u vandag skaapvleis koop as u dit wil hé? .....

Het die waarde van u spaargeld gestyg of gedaal sedert die Nasionale Party aan bewind gekom het? .....

Hoeveel Inligtingsamptenare (propagandiste) het die Regering in diens geneem — ten koste van die belastingbetalers? Is dit 2, 4 of 104? .....

As u 'n koppie tee uitskink, dank u die Regering daarvoor? .....

Kan u meer vir u swaar verdiende geld koop as in 1948—or minder? .....

Watter van die volgende drie beskou u as die sterkste politieke mag in Suid-Afrika — die Regering, die atoombom, of die Broederbond? .....

## BELASTING

In 'n onlangse verkiezinguitsending in Groot-Brittannie is daarop gewys dat die belasting aldaar £70/4/- per kop van die bevolking bedra (man, vrou en kind). Suid-Afrika se totale volksinkomste, per kop van die bevolking, is heelwat minder as wat die Brit in die vorm van belasting betaal.

## DIE REGERING EN LEWENKOSTE

(vervolg van bladsy 2)

("n gesubsidieerde prys, tussen hakies) het die gemiddelde produusent 50% wins gemaak. Die boere wat as grensgevalle beskou is, het beelwat minder wins gemaak. Trouens, die wins wat baie van hulle getoon het, was maar klein. Maar die groot boer het 'n pragtige wins getoon. Almal het egter 'n subsidie ontvang. Dit is tog seker nie die regte stelsel nie. Dit moet verander word na een wat die koste van lewensoronderhoud verminder, en een wat die belangste verbruiker ook in die oog hou. Hierdie aspek eis die aandag van die Minister van Finansies. Die Minister het 'n beroep om besuiniging gedoen, maar himself volg 'n verswakkende ekonomiese vir sover dit die volk se voedsel en lewensstaarder betref.

Waarop die Minister moet aandring, is nie alleen 'n ondersoek na voedselsubsidies soos hulle op die oomblik geadministreer word nie, maar 'n doeltreffende gebruik deur die Minister van Landbou van die administratiewe organe vir die verspreiding van voedsel. Ons het reisende markte. Hulle word teen 'n verlies bestuur. Hulle is ontwerp om die armer verbruiker van voedsel te voorsien teen 'n prys wat laer as die gewone handelaar se prysse is. Maar die skema werk nie volgens plan nie. Talle welgestelde mense koop by die reisende markte. Hierdie mense is nie geregtig om voedsel teen onekonomeiese prysse by reisende markte te kry nie. Daar is geen behoorlike beheer oor verspreiding nie. Diegene wat geregtig is om te koop, behoort geregistreer te word. Soos die reisende markte op die oomblik bestuur word, ding hulle eenvoudig met handelaars mee. In werklikheid word hierdie markte deur die handelaars gesubsidieer. Hulle behoort vir 'n maatskaplike doel georganiseer te word, nl. die subsidiëring van die arm man se voedsel. In plaas daarvan is hulle 'n soort innameging deur die staat in die gewone handel. 'n Goeie idee word vernietig. Die Minister het hier 'n voorstreklike geleentheid gehad om voedselsubsidies aan hul ware doel te laat beantwoord.

Dieselfde het gebeur met die Sosiale en Ekonomiese Planneraad se uitmuntende plan vir die subsidiëring van die essensiële voedselvoorraad van die 200,000 stedelike gesinne wat selfs nie eens die minimumhoeveelheid voedsel kan bekostig nie. Daardie plan is deur die vorige regering gewysig. Dit is nog nooit in werking gestel nie. Hier is 'n skema wat mooi in die haak was voordat die huidige Regering aan die bewind gekom het. Dit is goedgekeur deur die Streekvoedselkomitee. Vandag is dit op die lange baan geskuif. En dit, net soos die reisende markte, kon die koste van lewensoronderhoud heelwat verminder het. Dit kon 'n betekenis aan subsidies verleen het.

Verder is 'n hele reeks gemeenskapsrestaurante opgebou. Vandag is net twee van hulle in werking. Daar behoort 'n hele paar van hulle te wees. Hulle be-

hoort in die armer dele in samewerking met sake-ondernehings bestuur te word. Wat hierdie belangrike saak betref, rus daar 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van die Organisasie vir die Verspreiding van Voedsel. Waarom is hierdie organisasie so traag? Klaarblyklik omdat dit nie die Regering se beleid is om die hoë lewenskoste op hierdie manier aan te pak nie.

'n Woordjie oor die Organisasie vir Voedselvoorraad en -verspreiding. Hierdie organisasie wat verantwoordelik vir die skema van Reisende Markte is, kan byna die Asposeertjie van die Departement van Landbou genoem word. Sy totale uitgawes bedra slegs £603,000, waarvan byna een derde aan administrasie bestee word. In werklikheid behoort dit een van die belangrikste plante- en administratiewe afdelings van die Regering te wees. Trouens, dit behoort 'n heeltemal afsonderlike afdeling te wees. Dit is verantwoordelik staat gesubsidieer word (£33,000), en die margarine-skema wat insgelyk staatsteun margarineskema wat insgelyk staatsteun ontvang (£114,000). Dit versprei dus 'n bedrag van £147,000 in die vorm van voedselsubsidies onder die armes. Dit kom op 'n regstreekse subsidiëring van verbruikers neer. Selfs as ons hierby voeg die bedrag van die Volkswelsyn-afdeling (voedsel vir noodleniging onder die armes, £61,200; restaurante en soekombuisse, £1,600) en die bedrag van die Departement van Naturellesake (voorskoolse voeding, £22,000, 'n vrugtesubsidie van £10,000, en die verskaffing van melk, £600) is die totaal op verre na nie voldoende nie. Dit is bloot 'n teësinne erkennings dat die subsidiëring van die arm man se kos reg en billik is, maar dat ons nie bereid is om dit op 'n doeltreffende wyse aan te pak nie. Ek herhaal: die hele vraagstuk van voedselsubsidies eis dringende ondersoek. Dit is een van ons belangrikste maatskaplike vraagstukke.

Hierdie Regering het nie daarin geslaag om die lewensstaarder van mense in die middel- en die lae-inkomste-groep te beskerm nie; hy het hoegenaamd geen plan vir sover dit inflasie betref nie; hy wend geen poging aan om die subsidiëring van voedsel te rasionaliseer nie; hy staan lounwarm teenoor, en is miskien selfs gekant teen daeleglike voedselsubsidies vir die verbruiker.

Wat betref hierdie lewensbelangrike sake wat nodig is vir die verhoging van die doeltreffendheid en die ekonomiese beskerming van die werkers in hierdie land was die huidige Regering nie getrou aan sy nalatenskap of aan die beloftes wat hy aan ons mense gedoen het nie.

Stuur asseblief aan my die Nuusbrief

waarvoor ek insluit £.....  
(Intekening is vrywillig; u kan enigsy van 1/- tot £5 per jaar stuur.)

Naam .....

Adres .....

.....  
Afrikaans of Engels .....

## GEBOORTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE PARTY

DIE politieke partye Afrikanerbond (Kaapland), Het Volk (Transvaal), en die Oranje-unie (O.V.S.) het gemaalgemeer op 'n kongres wat op 11 November 1911 plaasgevind het. Die vernaamste voorstander van amalgamasie was wyle pres. Steyn. Hy het gesê:

"Vir ons veiligheid en vooruitgang is die samewerking van die twee vernaamste blanke rasse in die land van die allerkroosteste belang."

Wyle genl. Hertzog het voorgestel dat die woord NASIONALE in die oorspronklike ontwerp — die Suid-Afrikaanse Nasionale Party — geskrap moet word omdat hy die woord as te eng en bekrompe beskou het.

## 'N WORD AAN DIE WAT UITGEBUIT WORD

POLITIEKE uitbuiting is een van die ergste vorms van uitbuiting. 'n Huis om in te woon is aan u beloof, maar aan die Witwatersrand alleen is daar 20,000 blanke gesinne wat huise soek, en dit nie kan kry nie. Duisendes woon vandag in krotte en motorhuise.

Daar is aan u beloof dat die koste van lewensoronderhoud verminder sou word, maar ondanks al hierdie beloftes het dit gestyg, en styg dit nog steeds. Skaapvleis in oorvloed is aan u beloof, maar u het waarskynlik al vergeet hoe 'n stukkie skaapvleis lyk.

Goedkoop en ruimskootse voorrade kunsmis is aan boere beloof — maar hulle wag nog steeds daarop.

Al wat u gekry het vir die moeite wat u gedoen het om vir die Nasionale Party se kandidate te stem, is 'n nuwe bestuurder vir die Spoorweë teen 'n koste van £70,000 vir belastingbetalers, 'n afsonderlike ingang vir die Johannesburgse spoorwegstasie sodat u die perron kan bereik sonder om by 'n naturel verby te stap, 'n paar karton-skeidsmure in die poskantoor, en 'n byna twee jaar lange geklets oor apartheid.



## Hulde aan Groothed

# JAN CHRISTIAN SMUTS

**G**ENERAAL SMUTS het die Suid-Afrikaanse politieke verhoog vyftig jaar lank gedomineer. Amper die helfte van sy lewe was hy erken as 'n wêreldstaatsman.

Wanneer die geskiedkundige van die toekoms skryf oor die tien staatsmanne wat die meeste gedoen het om die wêreld in die twintigste eeu te vorm, sal generaal Smuts se naam genoem moet word. Die geskiedkundiges sal moet skryf van Roosevelt, Churchill en Smuts, van Soen Jat Sen, van Gandhi, van Lenin en Stalin. Smuts sal nie die minste onder hulle wees nie; hy sal veral onthou word as die groot filosoof van die westerse demokrasie.

Aan die einde van die Anglo-Boereoorlog, was generaal Smuts aan die voorpunt toe hy sy verslane volk weer op die been moes bring. Binne vyf jaar nadat die vrede by Vereeniging onderteken is, het hy suksesvol by groot Britse staatsmanne gepleit vir selfregering. Minder dan tien jaar na die vrede het die verslane republieke toegetree tot 'n Unie van kolonies, grotendeels danksy generaal Smuts se leiding.

Die Unie van Suid-Afrika was meer as net 'n verbreiding van territoriale grense; dit was die geboorte van 'n nasie uit verskeie elemente van blanke afkoms wat twee verskillende tale gepraat het.

Maar miskien is daar niks in generaal Smuts se prestasies wat meer gedoen het om die verloop van die wêreldgeskiedenis te beïnvloed nie as sy leiding om die voormalige „Britse besittings oor die see“ om

te skep in Dominiums met gelyke, onafhanklike status saam met Brittannie.

Toekom die Volkebond waarvan generaal Smuts die vernaamste boumeester was. Dit was gepas dat hy ook, amper dertig jaar later, die opsteller was van die voorwoord tot die Oktrooi van die Verenigde Volke.

Die Volkebond en die Verenigde Volke-organisasie het nie tot stand gebring alles wat van hulle verwag is nie, maar wie sal sê dat hulle nie bygedra het nie tot die welsyn van die mensdom?

Die meeste mense vergeet maklik dat die voorkoming van oorlog slegs een van die V.V.O. se baie pligte

is. Die vernietiging van die wit slawehandel en die handel in verdowingsmiddels, beheer oor ingeboekte arbeid, die afskaffing van kinderarbeid, die afskaffing van slawerny, die beskerming van die gesondheid en die loon-peil van werkers, is slegs sommige van die baie pligte wat die V.V.O. uitvoer. Niks in die twintigste eeu het die beskawing meer beïnvloed as die werk van die Volkebond en die V.V.O. nie, en die werk sal 'n blywende monument wees om die nageslag te herinner aan die werk van Smuts vir die mensdom.

Suid-Afrika is geseend dat sy bodem hierdie groot en edele mens kan voed.

## WAAR IS DIE „APARTHEID“?

**D**IE jongste syfers in verband met naturelle wat vaste werk het, is op 31 Maart 1950 uitgereik, en toon aan dat daar 263,000 geregistreerde naturellerewerkers in Johannesburg was. In die ander Randse dorpe was daar 370,000 naturelle in vaste werk.

Hierdie syfers sluit natuurlik nie die naturelle in wat op die myne werk nie.

Met die oog op die tekort aan statistiek is daar niemand wat presies weet hoeveel naturelle daar in die hele Johannesburg is nie — maar dis seker nie minder as 'n miljoen nie. Ons weet ook nie hoeveel huise vir hierdie geweldige bevolking nodig is nie. Hierdie huise, tussen hakies, moet nog gebou word.

Ons sal baie bly wees om te verneem watter planne die Nasionale Party-regering het om hierdie geweldige aantal mense „in hul eie gebiede“ te vestig — want dis mos iets waarvan hulle die mond baie vol het!

Ons wil aan die hand doen dat die Nasionale-regering besef dat ons 'n permanente stedelike naturellebevolking in Suid-Afrika het en dat hy 'n beleid moet opstel en uitvoer wat die dringendste grieve waaronder hierdie bevolking tans ly, sal verwyder.

# DIE DEMOKRASIE IN DIE SKEMERTE

## *Wat 'n Prestasie!*

DAAR het ietwat van 'n ooproer gekom omdat 'n sekere radiokommensator die Nasionale Party-regering as Nazi bestempel het. Ons stem nie met hom saam nie. Dit is ons opregte hoop dat die Nasionale Party-regering aan die wêreld sal bewys dat hulle tot beter insig gekom het en wil terugkeer na die demokratiese lewenswyse. Daar is nie baie bewys van so 'n inkeer nie, maar ons is geduldig en hoop nog op die beste, veral omdat ons weet dat hulle duisende volgelinge het wat stoere demokrate is maar wat tydelike mislei is deur beroepe op die emosie.

Hoe kan 'n mens hierdie Regering beskryf? Hoe kan 'n mens mnr. F. C. Erasmus, die Minister van Verdediging beskryf? Moet 'n mens hom 'n demokraat noem, of 'n humaniter, of 'n liberalis? Hoe moet 'n mens dr. Malan beskryf? Is hy 'n monarg of 'n republikein, 'n konstitusionalis of 'n rewolusioneer, 'n demokraat of 'n reaksionêr?

En wat moet 'n mens sê van dr. A. J. Stals, wat bekend is as die mees liberale lid van die regering?

In 'n toespraak in die Volksraad op 31 Maart 1950 het dr. Stals gesê:

„Daar is sekere beginsels wat so fundamenteel is dat 'n mens hulle nie kan oorlaat aan 'n massa van individue nie. Hervorming word nie gebore in die gedagtes van die massas nie.”—Hansard 4048.

Hierdie woorde was sy eie oorspronklike gedagtes. Hulle is nie 'n aanhaling uit "Mein Kampf", nie ook nie uit Stalin se toesprake oor Leninisme nie.

Billikheidshalwe moet ons ook sê dat dr. Stals nie besig was om 'n hervorming te oorweeg nie; inteen-

deel toe hy hierdie woorde gesê het, was hy besig om verdere beperkinge op die bevolking van Suid-Afrika te plaas. Maar ons glo nie dat hy onder Nazi-invloed staan nie.

Hoe moet 'n mens daardie nederrige lid van die kabinet, dr. Donges, beskryf? Hy het deur middel van Wetgewing magte angevra wat hom bokant die howe van die land, bokant die Parlement plaas; die maatreëls maak hom amper: dr. Donges, die onfeilbare, hy wat nie in staat is tot foute nie, wie se dade nie in twyfel getrek kan word nie.

Hy, dr. Donges, kan nou alleen beslis wie Suid-Afrika kan inkom of verlaat. Hy alleen kan beslis of 'n persoon 'n Suid-Afrikaanse burger kan word al dan nie. Deur be middeling van sy amptenare kan hy besluit of 'n mens blank is of nie. Maar dr. Donges is heeltemal vry van Nazi-invloed. Hy is bloot 'n Broederbonder.

Of 'n mens saamstem met die Nasionale Regering se streeve na „Apartheid" of nie, kan 'n mens nie die feit veronagsaam dat amper elke matreël wat in die Volksraad ingedien is sedert die Nasionale Party aan die bewind gekom het, bedoel is om regte te beperk of om regte weg te neem nie. Daar is skaars 'n enkele matreël wat 'n welsynsmatreël genoem kan word. Inteendeel sowel mnr. Eric Louw as mnr. N. C. Havenga het sedepreke afgesteek oor ons hoe lewenspeil. Mnr. Louw het self die hoe lewenskoste in Suid-Afrika toegeskryf aan die luiheid aan die dobbelgewoontes van Suid-Afrikaanse huisvrouens.

Kom ons kyk na die hoogtepunte van die sitting wat pas verby is.

**Die Bevolkingsregistasiewet:** Dit is 'n maatreël wat die Nasionale-party in staat stel om in die privaat lewens van Suid-Afrikaners te

spioeneer, om te besluit wie is wit en wie is nie wit nie.

Om moontlik 'n honderd twyfelaartige gevalle uit te ruik, moet elke blanke man en vrou in die toekoms 'n pas besit, en sal ons honderduisende ponde moet betaal vir hierdie voorreg. Hierdie vernedering kom alle seksies van die Suid-Afrikaanse volk toe in die heilige naam van „Apartheid".

**Die Wet op Onsedelikheid:** Dit is 'n poging om rassesuiwerheid te bewerkstellig deur middel van 'n Wet. Suid-Afrika het nog nooit nodig gehad om sy rassesuiwerheid agter wetsboeke en polisiemaatreëls te verdedig nie. Maar dan Suid-Afrika het verander sedert Mei 1948. Laat ons krediet toeken waar krediet verdien word: hierdie Wet mag 'n paar volgelinge van die Nasionale Party verder om die bos lei.

**Die Huurwet:** Die Nasionale Party het gekom met 'n maatreël wat huishuur gemiddeld van 15 to 25 persent sou verhoog het. Die Verenigde Party het daar 'n stokkie voorgestek. En toe het hulle aan die einde van die sitting met 'n nuwe maatreël gekom wat feitlik dieselfde was as die Verenigde Party se Huurwet.

**Die Wet op Groepsgebiede:** Hierdie maatreël bevat 'n eerste-klas beginsel — die beginsel van woonbuurtskeiding tussen die verskeie rasse in Suid-Afrika. Maar die wet self is lomp en outokraties. Die Minister van Binnelandse Sake kan deur middel van administratiewe daad duisende Suid-Afrikaners dakloos maak. En hy het geweier om die amendemente van die Verenigde Party te aanvaar wat alter-

(vervolg op bladsy 4)

# NATURELLEBELEID —

## TOE EN NOU!

**DIE** leiers van die Nasionale Party, en veral die Minister van Landbou, mnr. J. G. Strydom, loop noual jarelank rond met 'n afskrif van die Verenigde Party se boekie „'n Politieke Gids“ in hul sakke rond. Van elke verhoog lees hulle dan een uittreksel voor wat, so beweer hulle, dan bewys dat die Verenigde party die politieke regte van die Naturelle wil uitbrei.

Hoewel hierdie gids tien jaar gelede geskryf is, wil ons dit nie repudieer nie. Ons is ook nie skaam oor wat ons toe geskryf het nie. Hier is die uittreksel :

„Dit beteken nie dat dit ons bedoeling of beleid is om haastig en onoordeelkundig die politieke instellings wat ons oor baie geslagte opgebou het aan die Naturellerasse op dieselfde terme as vir blankes uit te brei nie.

Demokratiese regering is die witman se uitvinding en ander rasse met 'n vreemde of verskillende kultuur moet bewys dat hulle geskik is om demokratiese regte uit te leef voordat hulle daarop aanspraak kan maak. Ons beleid is om politieke regte geleidelik uit te brei na diegene wat in staat geword het om die ooreenkomsstige pligte na te kom.“

Ons staan by hierdie verklaring. Nêrens praat ons daarin van gelyke politieke regte vir naturelle nie. Dit was nog altyd die beleid van die Verenigde Party om sekere politieke regte aan die naturelle toe te ken namate hulle ontwikkeling vorder. Daardie beleid is uitgevoer deur generaal Hertzog kragtens die Wet van op Naturelle Verteenwoerdigung van 1936 toe die Naturelle Verteenwoordigende Raad gestig is. Dit was uitgevoer deur generaal Smuts in 1947 toe hy die naturelle sekere uitvoerende gesag in hul eie gebiede aangebied het. Daardie beleid is ook bevestig in die Verenigde Party se heruiteen-sitting van Naturellebeleid na die afgelope Algemene Verkiesing toe plaaslike selfregering vir die naturelle in hul eie aparte stedelik woon-

buurte onder blanke leierskap aan die hand gedoen is. Dit is nogmaals beklemtoon in die Verenigde Party se beleidspamflet „Saam Groei Ons“, wat die volgende passaat bevat:

Die Party sal residensiële en maatskap-like afsondering tussen die verskillende rasse meebring en handhaaf, maar aangaar die feit dat die nie-blanke noodsaklik is vir die ekonomiese vooruitgang van Suid-Afrika en dat hy geregtig is op sy regmatige beloning. Die Verenigde Party sal positiewe maatreels voortsit vir die welsyn van die nie-blanke deur verbetering van sy gesondheid, opvoeding en lewenspeil sowel as van sy reserves en stedelike woonbuurtes en deur HOM AAN TE MOEDIG OM 'N STEEDS GROTER ROL IN DIE BESTUUR VAN SY EIE SAKE TE SPEEL.“

Maar wie is die Nasionale Party om beleidsverklarings uit die verlede aan te haal. As hulle soveel belang heg aan voormalige verklar-

### HOE VEILIG IS ONS TOEKOMS?

Die blanke beskawing in Suid-Afrika het blanke manne nodig om homself te handhaaf en te versterk, maar wat gebeur met ons blanke bevolking? Kyk na heirdie amptelike syfers.

In 1947 het Suid-Afrika elke maand 1,744 blanke immigrante ryker geword.

In 1948 het Suid-Afrika elke maand 2341 blanke immigrante ryker geword.

In 1949 het Suid-Afrika elke maand slegs 464 blanke immigrante ryker geword.

In Januarie 1950 het Suid-Afrika 181 blankes verloor.

Meer blankes begin Suid-Afrika verlaat as wat inkom.

Kan ons bekostig dat blank Suid-Afrika doodbloei?

Dink hieroor na.

rings, mag ons aan die hand doen dat hulle ook dr. Malan se beroemde telegram aan die naturelle van Os-kraal beklemtoon. Die telegram is gestuur toe mnr. Eric Louw besig was om 'n tussenverkiesing in Queenstown te bestry en dr. Malan het daarin gesê:

